

Martelaarsliteratuur uit die vroeë Christendom

Swartz, Nico P. 2009. **Historia persecutionis: the martyr accounts of Victor of Vita.** Stellenbosch: African Sun. 85 p.
Prys: R150,00. ISBN: 978-1-920383-00-8.

Resensent: P.H. Fick
Fakulteit Teologie
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die eerste aantal eeue van die geskiedenis van die Christelike Kerk is gekenmerk deur vervolging – eers deur die Jode, later deur die Romeinse owerheid en uiteindelik ook deur die Germane. Victor van Vita skryf in die vyfde eeu sy *Historia persecutionis* oor die vervolging wat die Christene in Noord-Afrika moes verduur aan die hand van die Vandale tussen die jare 429 en 484. Hierdie boek is onder andere 'n belangrike bron vir die geskiedenis van die Vandale en vir insig in kontemporêre historiografie.

Hierdie boek is die neerslag van die skrywer se meestersgraadstudie. In die eerste van vyf hoofstukke bespreek Swartz die *Historia persecutionis* teen die agtergrond van die martelaarskultuur in Noord-Afrika deur dit onder andere te vergelyk met wat in Europa gebeur het. In die tweede hoofstuk bespreek hy die werk as 'n historiese dokument en gee aandag aan aspekte soos historiografie, hagiografie en didaktiese funksie. In die derde hoofstuk tref hy 'n vergelyking tussen die *Historia* en ander martelaarsgeskiedenis. In die vierde hoofstuk kom die teikengroep onder die loep en in die vyfde hoofstuk die struktuur daarvan waar narratologiese aspekte aandag kry. Verskillende metodes van navorsing word toegepas, waarvan die historiese die beste aangewend word. Die aanwending van die vergelykende en literêre metodes is minder geslaagd.

Die werk getuig van deeglike navorsing en 'n goeie verskeidenheid primêre en sekondêre bronne word gebruik. Die gebruik van Wikipedia kan egter bevraagteken word waar daar wel behoorlike bronne oor bepaalde onderwerpe (soos die Vandale en Gregorius van Tours) bestaan. Dit is ook jammer dat die skrywer die primêre bronne hoofsaaklik gebruik en aanbied deur gebruik te maak van bestaande vertalings, dat hy onnodige direkte aanhalings uit sekondêre bronne gebruik en ook swaar steun op sekondêre bronne. Varsheid, oorspronklikheid en selfstandige insig word daardeur ingeboet.

Die teks is tegnies goed versorg en lees maklik. Wanneer aanhalings in Latyn gegee word, word die vertaling direk daarna verskaf. Dit maak die werk uiteraard meer toeganklik vir die leser wat nie Latyn magtig is nie. Hierdie boek plaas die *Historia persecutionis*, wat 'n redelik onbekende werk uit die tydperk van die vroeë Christendom is, in historiese en literêre konteks en skep by die leser 'n behoefte aan die lees van die werk self. Hierdie werk word aanbeveel vir die akademiese leser met 'n belangstelling in die vroeë Christendom en die martelaarsliteratuur uit daardie tyd.